# HOOFSTUK 8.

# DIE NAGESLAG VAN DIE DERDE SEUN VAN DIE STAMVADER: SIMON HENDRIK (b4) -(Uitenhage tak) Die Barkhuizens trek na Transvaal

## 8.1 Kort geskiedenis van hierdie tak

Simon Hendrik, die vierde seun van die stamvader, is in Kaapstad, op 24 jarige ouderdom met weduwee Sara Johanna SCHEEPERS (geb VAN VUUREN) getroud. Sara het in haar eerste huwelik met Cornelis SCHEEPERS twee seuns gehad. Gerhardus Stephanus SCHEEPERS, *06.01.1797, =Kaapstad 14.02.1778, en Cornelis Coenraad SCHEEPERS, =Swellendam 14.11.1802. Toe Simon Barkhuizen dus met weduwee Sara SCHEEPERS getroud is het sy twee seuntjies van 6 jaar en 1 jaar oud gehad.

Simon en Sara het saam nege kinders gehad. Hulle het 'n paar jaar na hulle huwelik verhuis vanaf die Langkloof na Uitenhage, die sogenaamde oosgrens. In die 1807 belastingopgawe van Uitenhage word aangedui dat Simon en Sara op die leningsplaas, Boschfontein, bly. Die kinders se doopinskrywings in 1808 en 1810 bevestig die blyplek. Die ligging van die plaas word aangedui as "*op 't hoek van de Van Stadensberg*" en ook in die wyk Van Stadensrivier. Die spesifieke wyk word egter in verskillende dokumente as Van Stadensrivier, Zwartkopsrivier of Elandsrivier aangedui. Volgens die boekie "Bewaarders van ons erfenis" was Boschfontein in die Wyk Elandsrivier[1].

Toe ek die plaas vir die eerste keer gesoek het, het ek die Van Stadensberg dopgehou vanaf die N3 en na die afdraai na Uitenhage ry 'n mens vir so sewe kilometer reguit na die hoek van die berg toe. 'n Oënskynlike baie vae beskrywing is toe eintlik baie akkuraat. Net verby die Van Stadensberg, oppad na Uitenhage toe, is daar twee afdraaipaaie na links al langs die Elandsrivier. Dis hier langs die Elandsrivier waar Boschfontein geleë is.

Die verhuising na Boschfontein, ongeveer 150 km vanaf Keykoe af, was aan die een kant doodgewoon, want so het Simon maar meegedoen aan die Noord-ooswaartse trekbeweging van die veeboere wat daardie tyd aan die gang was. Al sy ander broers het op plase in die omgewing van die familieplaas, Keykoe, bly boer maar dit moet aanvaar word dat grond in die Langkloof "skaars" geword het. Boschfontein is 'n plaas wat op 'n tyd aan Coenraad de Buys behoort het. Omdat de Buys ook plase in die Langkloof besit het, kon Simon die wenk gekry het om soontoe te gaan.

Uit die eerste paar belastingopgawes wat ek gesien het lyk dit nie of dit met Simon ekonomies beter gegaan het as sy broers wat in die Langkloof gebly het nie. Heeltemal sleg het dit ook nie gegaan nie. 'n Interessante brief wat hy in 1841 geskryf het vra hy dat die leningsbedrag (rekognisiegeld) van £24 verminder word want die plaas Boschfontein is nie soveel werd nie. Hy vergelyk dit met 'n tweede plaas wat hy aan die Coega het waarvan die leningsbedrag minder is. (Ek het nog geen inligting oor die ligging van hierdie tweede plaas nie)

Die laaste paar grensoorloë teen die Xhosas het ook nog plaasgevind terwyl Simon daar gebly het en mens kan aanvaar dat hy dikwels aan gevegte deelgeneem het. Ek het nog geen inligting oor Simon se deelname aan die grensoorloë gekry nie.

Simon en Sara se nege seuns en dogters sou vir die volgende 50 - 80 jaar in die distrik Uitenhage bly. Die doopregisters van sy kleinkinders verwys na Boschfontein, Elandsrivier, Sondagsrivier, Klein-Winterhoekberge, Boesmansrivier, Zuurberg, Schoorsteenkrans en Swanepoelskraal. Die effek van die kleinerige en hegte Afrikanersamelewing is duidelik te sien in die huwelikke van die kinders van Simon en Sara. Daar was drie huwelikke met Potgieters en drie met Scheepers.

Simon se jongste seun, ook Simon Hendrik, wat met Anna Rautenbach getroud is, het nie soos sy broers en susters in die Uitenhage omgewing aangebly nie. Hierdie jonger Simon het in 1850 met die groot plaasopgawe van die Britse regering die plaas Boschfontein besit. Dit is vreemd, behalwe as Simon jnr al die plaas voor sy pa se dood oorgeneem/gekoop het. Hy het in elk geval

---

[1] Bewaarders van ons erfenis Deel. 20 p.

nie baie jare daar gebly nie want in 1858 doop hy kinders in Somerset-Oos. Hy was duidelik al oppad binneland toe. Hierdie Simon was (sover ek weet) die eerste Barkhuizen wat oor die Vaalrivier gegaan het - so 20 jaar na die Groot trek. Steeds ‘n ware pionier.

Behalwe die voorbeeld wat Simon junior gestel het, lyk of baie van die familie nuwe gebiede verken het deur transportry. Uiteindelik in die 1880’s het sowat vyftien van ou Simon se 24 kleinkinders en hulle gesinne oor die Oranje en Vaalrivier getrek en daar in die binneland gevestig. Dit is slegs Lucas Jacobus (b4c5) wat op Slagboom aangebly het, se kinders wat nie saamgetrek het nie , maar selfs een van Lucas se seuns, Johannes Jacobus, wat later op St. Helena sou sterf, het ook verhuis Transvaal toe. Die derde geslag Barkhuizen verhuis dus binneland toe.

Miskien kan ek hiermee saam ook iets sê van Simon se twee stiefkinders, die twee seuns van Sara Van VUUREN en Coenraad Cornelis SCHEEPERS. Die oudste seun, Gerhardus Stephanus is getroud met Santjie Scheepers en hulle 9 kinders is almal in Uitenhage (Elandsrivier/Boesmansrivier) gedoop tot 1831. Gerhardus is egter in 1837 in Delagoabaai dood en ek is seker dat hy saam met die Groot Trek leier Louis Trichardt soontoe is. Die ander seun, Coenraad Cornelis, is met Hester Bronkhorst getroud en hulle het 11 kinders in Uitenhage gedoop. Ek kry egter geen aanduiding dat Coenraad en sy nageslag saam met die Groot Trek of die Barkhuizen stiefbroers na die Wes-Transvaal getrek het nie. Ek het ook al baie gewonder waarom geen van hierdie Oos-Kaapse Barkhuizens saam met die Groot trek verhuis het nie. Hulle was tog in aanraking met baie van die Groot Trek mense.

Ek het in Desember 2006, en in weer in Desember 2008, die Sondagsriviergebied besoek en op die plaas Slagboom gebly vir ‘n paar dae. ‘n Deel van die oorspronklike plaas behoort tans aan en Boetie en Boy Whittle – “Slagboom outdoors”. Dit is ‘n pragtige gebied met baie inheemse bosse, groot boerdery aktiwiteite en heelwat wildsplase in die omgewing. Simon Barkhuizen, wat op Addo woon, het my die ou huise en grafte gaan wys van die familie wat daar gebly het. Baie van die grafte,soos op die ou plaas Kremlin, is vandag in privaat wildtuine en ons sal spesiale toestemminhg moet kry om daar uit te kom.

‘n Baie interessante beskrywing van Slagboom is te kry in die reisverhaal (1816) van eerwaarde Latrobe. Ek het alreeds heelwat aangehaal uit Latrobe omdat hy die stammoeder, Jaquemina, en haar seun Hans in die Langkloof ontmoet het. Latrobe het welliswaar nie vir Simon Hendrik of een van sy kinders (wat sedert 1810 op Boschfontein, Uitenhage bly) raakgeloop nie. Latrobe het op Slagboom vir Jacobus Scheepers senior en junior gekry. Hulle het aan die weerskante van die kloof waarin die Witterivier vloei gewoon. Hy haal mev Scheepers senior aan wat moedeloos vertel van die ewige stryd wat hulle voer teen die Xhosas en die olifante. (hulle huis is afgebrand en hulle bly tans in ‘n eenvoudige skuiling). Latrobe vertel hoe mev Scheepers ‘n indruk op hom gemaak het. Ten slotte gee Latrobe nogal ‘n mooi beskrywing van hierdie pragtige plaas. Latrobe vertel dat die naam Slagboom dui op die boomstomp wat die Xhosas bo-op die berg in die pad na Koerney opgerig het wat die grens tussen hulle gebied en die kolonie aandui.

Die rede hoekom ek na hierdie Scheepers ontmoeting verwys is eerstens omdat dit ‘n mooi verwysing na Slagboom in 1816 is en omdat hierdie Jacobus Scheepers die pa is van die drie Scheepers kinders wat later met Barkhuizens getrou het. (Moontlik is hierdie persone wat Latrobe raakgeloop het, Jacobus Johannes Scheepers en Johanna Jacomina van der Westhuizen???)

Die ou plaashuis op Slagboom waar ons tydens ons besoek in 2006 gebly het.



**Die Barkhuizens na Transvaal met 'n groot familietrek**

Terwyl ek besig was om die stamboom saam te stel het dit vir my duidelik geword dat daar sedert 1881 'n "Groot Barkhuizen trek" na die binneland plaasgevind het. Ek kan tans 15 gesinne identifiseer wat deel van die groep was. Opsommend was dit eintlik maar elf broers en susters en drie van hulle neefs. Kom ons kyk in meer detail na hierdie individue en die inligtingsbronne.

Volgens die persoonlike belastingstate .[2] van Wyk Hartsrivier, in die distrik Bloemhof, van 1890, kan 11 individue onderskei word. Dit verteenwoordig 7 gesinne en 4 selfstandige jong mans (ouer as 21) wat kort na aankoms ook getroud is. Die sewe gesinne is almal seuns van Johannes Gerhardus (b4 c3) en sy twee vrouens, Scheepers en Potgieter. Dus halfbroers en -susters.

Op die belastingstate van 1890[3] word die name, ouderdomme en woonplek as volg aangegee: (ek het self in die laaste kolom probeer om almal te identifiseer volgens die genealogiese nommer en hulle noemname)

| | | | |
|---|---|---|---|
| Simon Hendrik | 59 | Hartebeespan | Ou Omie c3d1 |
| Jacobus Johannes | 55 | Hartebeespan | Ou Koot c3d3 |
| Simon Hendrik | 24 | Hartebeespan | Simon van Koot c3d3e3 |
| Johan Gerhardus | 30 | Hartebeespan | Groot Jan van Koot c3d3e1 |
| Jacobus Adriaan | 29 | Hartebeespan | Kootjie van Koot c3d3e2 |
| Gerhardus Stephanus | 28 | Hartebeespan | c3 d15 |
| Cornelis Johannes | 31 | Hartebeespan Vanaf 1889 | c3 d14 |
| Gideon Stephanus | 40 | Hartebeespan Vanaf 1888 | c3 d10 |
| Hermanus Gerhardus | 39 | Hartebeespan | c3 d11 |
| Johan Gerhardus | 27 | Hartebeespan | Dalk "Rooi Jan" die seun van Ou Omie, c3d1e2, maar sy ouderdom moes dan 24 en nie 27 gewees het. Dalk net 'n fout?)Dar was volgens my wete geen ander persoon met dei name Joh Gerh nie. |
| Jan Gerhardus | 50 | Donkerpoort | c3d6 |

'n Tweede interessantheid is dat ons na 1882 in dokumente, anders as die genoemde belastingstate, neefs, broers en susters van die groep hierbo genoem, op dorpe en plase in Transvaal en die Vrystaat kry. Daar het dus ten minste nog sewe ander Barkhuizen-gesinne ook meegedoen aan hierdie "groot familietrek". Ek het ook nog glad nie probeer bepaal hoeveel van die dogters en hulle mans ook saam verhuis het nie. Twee susters, Marion Oelofse (c3d13) en Susanna Maria van Staden (c3d4) en hulle mans het beslis ook saam verhuis.
Ander voorbeelde is van Barkhuizens in Transvaal en OVS:

| | | |
|---|---|---|
| Simon Hendrik | (c1d1) | Sterf 1897 in Zeerust. |
| Johan Leopoldt Jones BARKENHUIZEN | (c1d3) | Doop in Warrenton 1884 |
| Petrus Johannes Jacobus (Pieter) | (c3d8) | Hy vestig in 1890's in Potgietersrus. |
| Johan Nicolaas Wilhelm (Willem) | (c3d7) | Gilboa, Ladybrand OVS, |
| Jacobus Johannes (Lucas seun) | (c5d6) | 1888 nog op Skoorsteenkrans<br>Doop in Schweizer 1891<br>Sterf op St Helena, 1902 |
| Cornelis Johannes (Kerneels) | (c3d14) | ?? |
| Simon Hendrik en van sy seuns | (c9) | Hy het in 1864 al verhuis. |

Behalwe vir Simon Hendrik (b9) wat al in 1864 in die Transvaal rondgeswerf het, het die ander groepe redelik gelyk teen ongeveer 1884 -85 in die nuwe gebied aangekom.

Terwyl dit aan die een kant lyk of die tydsberekening om na die Wes-Tranvaal te verhuis goed gekoördineer is, het hierdie gesinne vanuit twee verskillende gebiede in die Oos-Kaap vertrek. 'n Groot groep het nog in die Uitenhage-Zuurberg gebied gewoon. Uit kerkdokumente soos doop- en huweliksregisters blyk dit dat die woonplekke van hierdie 13 gesinne dikwels as Zondagsrivier,

[2] Argiefbewaarplek Pretoria (TAB), Argief Bloemhof, ZBL
[3] Argiefbewaarplek Pretoria (TAB) , Argief Bloemhof ZBL

Klein-Winterhoekberge, Boesmansrivier, Zuurberg en Schoorsteenkrans aangegee. Plase en gedeeltes van plase wat hulle besit het vir ongeveer 80 jaar was Slagboom, Melkhoutboom, Vaalfontein, Swanepoelskraal en Boschfontein.

'n Hele paar gesinne was egter alreeds gevestig in die Oos-Londen, Mclear Town, Komga, Queenstown –gebied. Een gesin se blyplek word as Iququ aangedui.

Die rede waarom feitlik die hele familie verhuis het is onbekend. Daar is natuurlik 'n sterk moontlikheid dat die Oos-grens probleme met die Xhosas maar 'n aanhoudende bedreiging was alhoewel die groot grensoorloë toe alreeds verby was.

Ek het die naam van Jacobus Johannes, "ou Koot", en sy vrou gekry as doopgetuies in Maclear Town by die doop van sy broers en susters se kinders. Dit was in die jare 1879 tot 1881 en dit is kort voordat hulle vertrek het na die binneland. Die kanse is goed dat hy net sy pa, Johan Gerhardus en sy stiefma, Potgieter, wat ook op daardie stadium naby Oos-Londen in die Oos-Kaap gebly het, kom groet het. Hy sou beslis sy broers ingelig het oor sy planne om te verhuis. Dalk het hy hulle kom ompraat om saam te gaan. Ek kry al die idee dat ou Koot as leier van die groep broers en half broers opgetree het.

Waarom hulle juis na die distrik Schweizer-Reneke/Bloemhof gegaan het is ook onbekend. 'n Moontlikheid is dat Simon Hendrik (b4c9), 'n oom van hierdie seuns hierbo genoem hulle ingelig het oor die gebied. Simon het reeds in 1864 in Balfour (plaas Enkeldoring) en in 1865 'n kind in Potchefstroom gedoop. Hy was 'n ware swerwer te oordeel aan die plekke waar kinders gedoop is en beslis die eerste Barkhuizen oorkant die Vaalrivier. Simon (b4c1d1) wat in Zeerust gebly het was ook 'n transportryer en hy het die gebied moontlik verken en goeie inligting verskaf. Die winsgewende transportroetes tussen Kimberley en Bulawayo, Rhodesië was heel moontlik die trekpleister.

Dit is 'n bekende feit uit familiestories dat feitlik al hierdie Barkhuizen-mans transport gery het, veral Rhodesië toe. Groot Jan Barkhuizen het vir Cecil John Rhodes goedere vervoer. Die gebied Hartsrivier is op die sogenaamde sendelingpad of handelsroete tussen die Kaap via Kimberley na Johannesburg en Rhodesië. Daar was eintlik drie bekende transport roetes, oos, sentraal en wes. Vir die transportryery was die Hartsrivier omgewing baie goed geleë.



*Foto van Barkhuizens wat met die vel van 'n leeu spog wat geskiet is tydens transportryery. Foto gekry by CJJ Barkhuizen.*

'n Belangrike motivering vir vestiging in hierdie gebied is dalk omdat daar 'n moontlikheid van beskikbare grond was, alhoewel ek nie dink dat dit aanvanklik so 'n ooglopende goeie opsie was nie. Die rede daarvoor is eerstens dat hierdie gebied geleë is op die Transvaalse wesgrens en die grense tussen die verskillende rolspelers is nooit behoorlik afgebaken nie. Daar was aanhoudende geskille oor grense tussen die ZAR, die Britse regering, die diamantgebied Griekwaland-Wes, die Korannas, die Betsjoeana hoofmanne en die blanke boere Tweedens het die moontlikheid van oorlog teen die genoemde swart stamme nie veel verskil van die situasie op die Oosgrens van die Kaap nie.

**Vestiging op die plase Hartebeespan, Diewedraai en Vryheid**

'n Baie bekende gebeurtenis het in 1882 in die westelike gebied, waar die Barkhuizen families hulle kort daarna sou vestig, plaasgevind. Dit lyk egter of hulle die gebeure net-net misgeloop het. Ongeveer 400 vrywilliger boere het die Koranna opperhoof Massouw gehelp het om die Bathlapin hoofman, Mankoroane (in Taung), te verslaan en toe plase (Die Republiek Stellaland) as beloning daarvoor gekry. 'n Soortgelyke en gelyktydige gebeurtenis was die verkryging van die grond in die Republiek Goosen.

Ek kry egter nie Barkhuizen name in die Stellalandargief op die lyste van burgers wat grond ontvang het nie. Tog moes plase soos Hartebeespan en Skietkraal hier ter sprake gewees het want dit is geleë buite die destydse Transvaal (m.a.w. in Stellaland). 'n Belangrike bewys dat ou Koot en sy seuns nie by hierdie 1882 veldtog betrokke was nie is dat Koot se vrou, Johanna Catharna Louw, op 26 Junie 1882 net duskant Cradock oorlede is. Hulle was toe duidelik nog op pad met die trek Transvaal toe. Die seuns was al groot genoeg om alleen vooruit te gegaan het (Groot Jan 23, Kootjie 21 en Simon 19, maar almal ongetroud), maar dis meer waarskynlik dat hulle maar gehelp het om die gesin se trek in Transvaal te kry.

As mens aanvaar dat ou Koot en sy seuns teen die einde van 1882 in die Hartsrivier gebied aangekom het, dan is daar 'n 10 jaar verloop voordat die leningsplaas Hartebeespan aan hom toegeken is. Behalwe die belastingopgawe van 1890 is daar 'n ander dokument wat wys dat hulle alreeds teen 1885 daar gevestig het.
Briewe van naturalisasie vir volle stemreg in die Zuid-Afrikaanse Republiek (ZAR) is op 20 Mei 1896 aan Jacobus Johannes, Simon Hendrik, Johannes Gerhardus en Johan Gerhardus toegeken na krygsdiens teen Massouw in 1885.[4]


Brieven van Naturalisatie voor het Volle Stemrecht,

*Die "Brieven van Naturalisasie voor het Volle Stemrecht" vir Jacobus Johannes Barkhuizen (ou Koot)*

Die veldslag in 1885 was hierdie keer teen Massouw na verskeie insidente van veediefstal. Dit was tydens hierdie veldslag by Mamusa waar Kaptein Schweizer en Veldkornet Reneke, op 2 Desember

[4] ZAR Bloemhof, ZBL band nr.

1885, gesneuwel het. Ek is besig om na inligting te soek. In die argief is 'n naamlys (TAB: S41) van burgers wat grond by Massouw gekry het.

Dit lyk op hierdie stadium waarskynlik dat Ou Omie, Koot en Groot Jan aan die veldslag in 1885 teen Massouw deelgeneem het en daardeur burgerskap van die ZAR verkry het. Ou Koot en drie van sy seuns se name verskyn op 'n lys van diensdoenende burgers van die wyk Hartsrivier, distrik Bloemhof, opgestel op 9 November 1888 deur Veldkornet LE Mussmann.[5]

Uit bogenoemde bespreking is dit reeds duidelik dat die westelike grenslyn van die ZAR baie omstrede was en daarom is dit tog belangrik dat ek 'n breër geskiedenis van die gebied gee - veral waar die grense was en onder watter regering die gebied geval het. Toe die eerste families daar aangekom het (1882 -1885?) was die gebied wes van die Hartsrivier nie amptelik deel van die Zuid-Afrikaanse Republiek (ZAR) nie, en alhoewel die ZAR aanspraak gemaak het op die gebied, het hulle ook niks gedoen om dit te bevestig nie. Die wesgrens van die ZAR, soos bepaal met die Pretoria Konvensie in 1884 na die Eerste Vryheidsoorlog met Brittanje, het omtrent in 'n lyn vanaf die huidige Jan Kempdorp verby Koppie Enkel tot by die huidige Schweizer-Reneke geloop. Hierdie nuwe wesgrens het die Tswana en Koranna groepe uitgesluit maar ook baie plase wat alreeds deur blanke boere bewoon is, onder andere grond waar Hartbeespan geleë is en waarop die Barkhuizens sou vestig.

Die regering van die Zuid-Afrikaanse Republiek (ZAR), met Paul Kruger as President, het leningsplase in hierdie gebied beskikbaar gestel. Leningsplase is aanvanklik gehuur maar het gou oorgegaan in eiendomsplase. Ek is tans besig om die korrespondensie in die argief deur te gaan om te kyk of ek die aansoeke van die Barkhuizens vir die leningsplase kry. Die enigste interessante dokument wat ek al gekry het is ongelukkig ongedateer en sonder opskrif. Dit is 'n lys van plase en eienaars in die Wyk Hartsrivier. Dit is beslis lank voor die Landregister van 1893 opgestel want nie een van 1893 se eienaars word genoem nie. Wat vreemd is dat vir Hartebeespan geen eienaar gelys word nie en dat die afkorting in die kolom vir eienaars onbekend/onleesbaar is. As mens aanvaar dat hierdie lys opgestel is in die vroeë 1880's dan was Hartebeespan oor een of ander rede onbewoon en dus beskikbaar as leningsplaas vir Ou Koot en sy seuns. Dalk het hulle sedert hulle aankoms in die gebied al daar gaan woon.

Die plaas "Hartebeespan" is volgens die Landregister van distrik Bloemhof[6] in Maart 1893 aan drie persone gesamentlik toegeken as leningsplaas teen 'n huurgeld van 15/ per jaar vir elkeen. Die drie was Stephanus Francois Nieuwoudt, Theunis Johannes Kotzee en Jacobus Johannes Barkhuizen (ou Koot). Op 13 Januarie 1897 egter het Jacobus Johannes (Koot) die hele "Hartebeespan" nr. 251 by die ZAR gekoop vir £350. Die plaas was 2989 morg en 90 roeden groot.

Aangrensend aan Hartebeespan is die Stellalandplaas, "Schietkraal" nr 307[7], as leningsplaas gedeel deur Jan Gabriel Bester en Stephanus Cornelis Ferreira. In Desember 1893 is albei helftes van Schietkraal oorgedra as leningplaas aan Johan Gerhardus Barkhuizen (Groot Jan). Op 1 November 1894 het Hermanus Jacobus Haasbroek weer die een helfte as lening gekry. Op 6 Februarie 1897 koop Groot Jan sy helfte vir £200 by die ZAR. Haasbroek het die ander helfte van Schietkraal net die volgende jaar vir £250 gekoop.

Nog 'n plaas aangrensend aan Hartebeespan is "Diewedraai" nr. 245[8]. Die eerste huurder in 1892 was Christiaan Jacob Homan, maar op 27 April 1893 is 'n onverdeelde helfte van die plaas (1511 morg en 241 roede) toegeken as leningsplaas gesamentlik aan Jacobus Adriaan (Kootjie) Barkhuizen, Simon Hendrik Barkhuizen en Barend Jacobus van der Merwe. Van der Merwe het egter sommer baie gou sy deel ook aan die ander twee oorgegee. Die ander deel van Diewedraai is aan ene Pieter Wheeler toegeken as leningsplaas. Die aankoop van die plaas is nie aangeteken in die Bloemhof plaasregister nie en ek sal dit seker in die Akteskantoor kry.

'n Vierde plaas "Vryheid" nr. 302 is in dieselfde jaar as die ander plase, 1893, oorgedra as leningsplaas vanaf Pieter de la Rey en Ignatius Marthinus Ferreira aan Hermanus Gerhardus Barkhuizen. In 1897 het hy die plaas vir £200 gekoop.

---

5 ZARBloemhof ZBL band nr.
6 ZAR, Argief Bloemhof (ZBL Band 123). Land register van die distrik Bloemhof, p.251
7 ZAR, Argief Bloemhof (ZBL Band 123). Land register van die distrik Bloemhof, p.307
8 ZAR, Argief Bloemhof (ZBL Band 123). Land register van die distrik Bloemhof, p.245

As mens die opgawe van belasting en die toekenning van grond vergelyk, lyk dit of die hele Barkhuizen groep vir die eerste vyf jaar maar (informeel?) daar al langs die "Bars" op Hartbeespan gebly het voordat grond aan verskillende gesinne toegeken is.

Die "Bars" is die 'n beskrywing wat hulle gegee het aan 'n nogal opvallende geologiese verskuiwing. Die Matjiesspruit volg die bars tot waar die spruit in die Hartsrivier inloop.
Op die foto van Google earth (hieronder) kan die pad tussen Amalia en Uitvalskop gesien word met die bars wat die pad kruis en tot by Diewedraai strek. 'n Draai van die Hartsrivier kan regs onder in die hoekie gesien word.




**Anglo-Boereoorlog**
Tydens die Anglo-Boereoorlog moes die Barkhuizens in die Wes-Transvaal ook die ellende en swaarkry van die Afrikanervolk deel. En omdat die familie ook maar 'n deursnit van die bevolking is, kry ons Barkhuizen name by die konsentrasiekampe en krygsgevangekampe, by die bittereinders en die joiners., by die sterftes, die medaljes en trouens al die belangrikste gebeure.

Volgens die Rooikruis argief is daar drie Barkhuizen mans dood in die oorlog. Jan Gerhardus (Rooi Jan - Ou Omie se seun) in Lichtenburg/Zeerust, Jacobus Johannes op St Helena as krygsgevangene en P? Barkhuizen in Bronkhorstspruit (Laasgenoemde se woonplek word as Elandsfontein aangegee maar ek kon hom nog nie presies identifiseer nie).
Rooi Jan se dood was nie tydens 'n veldslag nie maar a.g,v 'n verraad insident .[9] In die kompensasie eis na die oorlog van weduwee Debora Alida is daar 'n verslag oor sy dood. Ek weet nie hoekom die rooikruis dit as "verraad" gemerk het nie. Volgens die verslag het Jan Barkhuizen en ene De la Rey tydens die Boere se besetting van die distrik twee Britte gevang wat op pad was vanaf Venterdorp na Mafeking. Die twee Britte het naby Lichtenburg dit reggekry om beide Jan Barkhuizen en De la Rey te skiet en te ontsnap. Die boere het die twee Britte egter weer gevang, verhoor en tereggestel. [10]
Kootjie (Jacobus Adriaan) was tot die einde van die oorlog op kommando gewees. Sy medalje is nog in die familie se besit.
Meeste vrouens en kinders is tydens die verskroeide aarde tydperk na konsentrasiekampe soos Mafeking en Zeerust gestuur.

[9] Rooikruisargief, :"Sterf door verraad" Duidfontein, Lichtenburg.
[10] TAB: CJC 431 nr. 435. Report on investigation.

**Rebellie, 1914**
In 1914 het die mense se simpatie by die Rebelle gelê en baie jong mans, soos Johan Gerhardus (Johny), het gerebelleer. Hy is saam met Genl. Kemp na Suidwes toe. Oupa Johny het aan my vertel hoe hulle in Potchefstroom besig was met kommando-opleiding toe Genl. Kemp op die paradegrond aankondig dat hy gaan rebelleer. Die kommandolede moet toe kies of hulle wil saamgaan Suidwes toe. Oupa Johny het aan my vertel dat sy saalperd nie juis die strawwe trek deur die Kalahari kon hanteer nie en hy het die perd gou-gou geruil op een van die plase met so 'n kleinerige skimmel ponie. Hierdie ponie het hom gedra tot in Upington waar hulle gevang is.

Ek en my broer Koos het op Witsand na die stellings gaan kyk wat die Rebelle daar gebou het om hulleself te verdedig. Hulle is uiteindelik deur die regeringsmagte by Upington gevange geneem en is lank aangehou in Kimberley in 'n ou mynkampong. Ouma Alie het vertel hoe vet oupa Johny geword het van al die pampoen wat hulle gekry het om te eet.



*Die skanse op Witsand wat deur Siener laat bou is.*

Die familie besit vandag nog dele van die oorspronklike plase in die ou Wes-Transvaal en het gehelp om die streek op te bou. Boere aan die westekant van die bars was veeboere, langs die Hartsrivier het meeste boere mielies geplant en dan was daar ook amper van die begin af diamantdelwerye langs die Hartsrivier. Verskeie aansoeke vir delwerye is vroeg in die 1900's onder andere deur Kootjie ingedien. Die familie het ook 'n groot bydrae in die gemeenskapslewe van Amalia gelewer.

Omdat Simon Barkhuizen en Sara Van Vuuren se nageslag so ‘n groot familie geword het, gee ek graag ‘n soort skema om ‘n oorsig te kry en dit dalk makliker is om te volg. Die linkerkantste kolom is Simon Hendrik (c4), die oue, en Sara Van Vuuren, se kinders, middelste kolom is die volgende geslag en derdens enkele opmerkings oor hulle.

| | | |
|---|---|---|
| (c1) Johan Nicolaas Wilhelm<br>X Knap | Simon Hendrik | Geen nageslag. |
| | Catharina | As jong meisie oorlede. |
| | Johan Leopoldt Jones | (Warrenton - Sy hele nageslag is vandag Barkenhuizen of Van Barkenhuizen) |
| Sara Johanna (c2)<br>X S T Potgieter | | |
| Johannes Gerhardus (c3)<br>X Susanna Scheepers<br>XX Johanna Potgieter | Simon Hendrik | Ou Omie |
| | Johanna Jacomina | |
| | Jacobus Johannes | “ou” Koot- Hartebeespan |
| | Sara Johanna | |
| | Susanna Maria | X Van Staden – verhuis |
| | Johannes Gerhardus | Na Rhodesië (Barkhuisen) |
| | Pieter Johannes Jacobus | Iququ,Potgietersrus, Eleven o Clock |
| | Jacomina Margaretha | |
| | Gideon Stephanus | Oos-London, Hartebeespan |
| XX Potgieter | Hermanus Gerhardus | Diewedraai en Vryheid |
| XX | Lucas Jacobus | Jonk oorlede? |
| XX | Maria M E (Marion) | X Oelofse |
| XX | Cornelis Johannes | Kerneels - |
| XX | Gerhardus Stephanus | Weenen- tak |
| Lucas Jacobus (c5)<br>X Scheepers | Johanna | X Moolman |
| | Sara | X Fourie |
| | Simon Hendrik | Bly op Slagboom |
| | Johanna | X van Vuuren |
| | Anna | X PJ Fourie |
| | Jacobus Johannes | Sterf op St Helena |
| | Lucas Jacobus | X JSD Fourie - |
| | Johan Nicolaas Willem | X Koeloe Fourie. Bly op Zuurbergpas |
| (c6) Margaretha X | | |
| (c7) Susanna X Scheepers | | |
| (c8) Anna X van Vuuren | | |
| (c9) Simon Hendrik<br>X Anna E Rautenbach<br>(verhuis al in 1863 na Tvl. | Simon Hendrik | Geen nageslag |
| | Martha | |
| | Sara | |
| | Anna Elizabeth | |
| | Petrus Gerhardus | |
| | Johan Nicolaas Wilhelm | |
| | Ignatius Leopoldus | Geen nageslag |
| | Johannes Gerhardus | Bethlehem |
| | CJJ | Haenertsburg |
| | George Frederik | |
| | Jacomina | |

Lucas Jacobus Standerton
Jacoba
Susara

## GESLAGSREGISTER

b4 Simon Hendrik BARKHUYSEN, ≈Tulbagh 02.10.1779, †Boschfontein, Uitenhage 3.02.1852, X Kaapstad 20.03.1803 Sara Johanna JANSE VAN VUUREN (dv Johannes Gerhardus JANSE VAN VUUREN en Sara Johanna VAN BEULING). (Weduwee van Cornelis Coenraad SCHEEPERS,

### Die Barkenhuizen- tak

b4c1 Johan Nicolaas Wilhelm BARKHUIZEN, *19.03.1804, ≈Swellendam 18.11.1804, +Uitenhage 16.10.1863, x Uitenhage 02.01.1832 Catharina Magdalena KNAP (dv Johannes Leopoldus KNAP en Catharina Magdalena POTGIETER. )

Dit is nogal interessant dat JNW, volgens die opgawe van plase in 1850, die plaas Spreeuwfontein in Steylerville distrik besit het. Die nageslag van sy broer (sien b2 in Hoofstuk 7) het later die plaas oorgeneem en van hul nageslag bly vandag nog daar. JNW trek egter ooswaarts en boer later langs die Van Stadensrivier distrik Uitenhage. Met sy afsterwe besit hy volgens sy boedel, "*omtrent een halwe lap grond met weinig huismeubels*" Sy boedel was 230 pond sterling.
Hy het drie kinders gehad waarvan net twee seuns volwassenheid bereik het. Sy hele nageslag spel vandag hulle van as BARKENHUIZEN of VAN BARKENHUIZEN.

d1 Simon Hendrik BARKHUIZEN, *Van Stadensrivier, Uitenhage 31.10.1839, ≈Uitenhage 5.11.1839, +Zeerust 15.6.1897, X Uitenhage 6.10.1864 Wilhelmina Francina VAN ROOYEN.

Simon se woonplek word as Sondagsrivier en Klein Winterhoek(berge) aangegee. In 1865 boer hy op die plaas Steenbokvlakte. Die plaas het volgens die opgawe van 1850 aan ene Dunn behoort maar dit lyk of Simon die plaas na Dunn se dood gekoop het. Na sy pa se dood in 1863 het sy ma Catharina (Knap) by hulle gebly. Dit het egter nie goed gegaan met die boerdery nie en in 1866 is hy insolvent verklaar en die plaas verkoop.[11] Simon word toe 'n transportryer van beroep. Hy verhuis dieselfde tyd as die groot Barkhuizen trek na Wes-Transvaal en vestig in Zeerust omgewing. Al vier sy kinders is as jong mense oorlede en hy het geen nageslag wat vandag lewe nie.

Na Simon se dood keer sy weduwee, Wilhelmina, terug na Uitenhage en trou in 1899 met die wewenaar,Cornelis Michiel ZAAYMAN. Sy gee haar laaste blyplek op as Bulawayo.

e1 Anna Cecilia BARKHUIZEN, *Uitenhage 23.2.1866, ≈Uitenhage 2.5.1866, +voor 1897
e2 Johan Willem BARKHUIZEN, *Uitenhage 21.9.1867, ≈Uitenhage 25.12.1867. Sterf as minderjarige, +voor 1897
e3 Johan Van Rooyen BARKHUIZEN, *Uitenhage 25.3.1870, ≈Uitenhage 3.4.1870, +Vergenoeg,Zeerust 21.4.1891. Ongetroud. Sterf op die plaas "*Vergenoeg*".
e4 Catharina Magdalena BARKHUIZEN*Uitenhage 2.11.1871, =Uitenhage 24.12.1871 Sterf as minderjarige voor 1897.

d2 Catharina Magdalena BARKHUIZEN, *Uitenhage 11.12.1843, ≈Uitenhage 7.1.1844, †dalk voor 1863. Sy word nie op haar pa JNW se sterfkennis in 1863 genoem nie. Sy sterf moontlik voor 1863.

d3 Johan Leopoldt Jones, *Uitenhage 16.8.1847, ≈Uitenhage 30.08.1847, x Uitenhage 6.10.1864 Hester Johanna BURNETT, XX Johanna Christina KUKKUK.

Sy blyplek word op die kinders se doopinskrywings as Klein Winterhoek aangedui. Hy het ook saam met die Barkhuizens verhuis vanaf Uitenhage. Volgens die

11

doopregisters vestig hy ongeveer 1882 in Warrenton, dieselfde tydperk as die ander Barkhuizens wat uit die kolonie verhuis het.
Hy en Hester het 'n bakkery in Bulawayo besit en op 'n stadium kom handel dryf in Pretoria. Hester is hier in Pretoria oorlede en by die Wonderboom begrawe. (Waarheen is die grafte later verskuif?)

e1 John William Henry *Klein Wintershoek, Uitenhage 27.7.1872, ≈Uitenhage 1.9.1872

e2 Johan Leopoldt Jones BARKENHUIZEN, *Uitenhage 27.4.1874, ≈Uitenhage 5.7.1874, †Potgietersrus 16.12.1956, X Palapye Road, Botswana abt 1900 Margaretha Susanna Rosina ROSSOUW, *Bloemhof 18.8.18.?, †Potgietersrus 18.8.1926. Hy was 'n veeboer op die plaas Klippan, Potgietersrus. Klippan is teen die Limpopo rivier grens by Tom Burke. (Dit lyk of hierdie Johan Leopold Jones die familie naam as Barkenhuizen begin spel het)

f1 Esther Febé BARKENHUIZEN, *01.03.19??, X Potgietersrus Christoffel Johannes LOTTER, (s.v. Adriaan Louis Jacobus LOTTER en Susanna Sophia ??), *Spitskop, OVS omtrent 1876, †Boekenhoutsfontein, Potgietersrus 07.03.1957. (twee seuns uit die eerste huwelik van Christoffel LOTTER is Willem Andreas en Marthinus Johannes)

[g1] Christoffel Johannes LOTTER.
[g2] Cornelius Wilhelmus LOTTER.

f2 Rosina Susanna BARKENHUIZEN, *12.06.19??, X Johnnie BOTHA

[g1] Petrus Jacobus BOTHA,
[g2] Johannes Louis BOTHA,
[g3] Margaretha Susanna (Suzie) BOTHA, † na operasie.

f3 Llina Jonetta BARKENHUIZEN, *04.06.1906, X Albertus Johannes Adriaan VENTER,

[g1] Johan Leopold VENTER,
[g2] Margaretha Susanna (Rita) VENTER, X VAN DER MERWE,

[h1] Linette VAN DER MERWE,

f4 Margaretha Susanna BARKENHUIZEN, *03.06.1915
f5 Daniël Rossouw BARKENHUIZEN, *
f6 Johan BARKENHUIZEN, *
f7 Margaretha Susanna BARKENHUIZEN, X Hendrik Andries SMIT

[g1] Hendrik Andries SMIT,
[g2] Margaretha Susanna SMIT,

f8 Simon Hendrik BARKENHUIZEN, *09.06.1917, X Phoebe HAY, XX ??
Oom Simon vertel dat hy grootgeword het op Klippan by TomBurke. Hy het daar skoolgegaan saam met klein Tom Burke. Hy moes soms van daar af beeste aanjaag na Pretoria om te verkoop.

g1 Johan Leopold BARKENHUIZEN, *24.10.1948,

h1 Chris

g2 Anton Simon BARKENHUIZEN, *15.12.1949,
g3 Francois Hay BARKENHUIZEN, *21.11.1951,



Anton (f8g2) en Johan (f8g1) BARKENHUIZEN,

f9 Catharina Elizabeth BARKENHUIZEN, *Potgietersrus 01.03.1921, =Potgietersrus 15.06.1921, X Victor Vincent GREEN, *10.10.19??
[g1] Susanna Margaretha GREEN, *
[g2] Henriette Millicent GREEN, *
[g3] Catharina Elizabeth GREEN, *

e3 Elizabeth Johanna Burnett BARKENHUIZEN, *Warrenton 1.11.1882, =Warrenton 24.12.1882, x Kimberley 15.12.1900 Edward William TUCKER (Kleinseun - Prof AJ Muller – Medies)

e4 Pieter Alexander BARKENHUIZEN, *Warrenton 5.4.1884,

e5 Robert Alfred VAN BARKENHUIZEN, *Warrenton 14.2.1886, x Dewetsdorp, Zoutpansberg 16.01.1912 (geskei 1930) Helena Francina COETZEE,*1890.
Robert boer in 1912 op plaas Weltevreden, Soutpansberg distrik. Hy het sy van as "van Barkenhuizen" begin spel.

f1 Helena Francina VAN BARKENHUIZEN, *abt 1915, x Pieter Schalk ERASMUS, *Hanover 1911, +Johannesburg 29.06.1953. Beroep: Verteenwoordiger, Bly in 8 North Road, Rewlatch, Regent Park.
[g1] Peter Roland ERASMUS
[g2] Robert Martin ERASMUS
[g3] Joy Florence ERASMUS, *02.06.1938
[g4] Vanessa ERASMUS ,*28.03.1943
[g5] Franc Schalk ERASMUS, *19.02.1948

f2 Robert Alfred VAN BARKENHUIZEN, *Johannesburg 9.12.1913, +Virginia 19.5.1986, X Petronella Johanna JOUBERT

g1 Robert Alfred VAN BARKENHUIZEN, *04.01.1936, +Pretoria 28.10.1996, X Margaretha Henriëtta GROBBELAAR

h1 Margaretha Henriëtta VAN BARKENHUIZEN, *Johannesburg 23.05.1967 X Stephen ROODT
[i1] Elize ROODT, *14 Jun 1994

h2 Robert Alfred VAN BARKENHUIZEN, *Johannesburg 15.12.1969, x Krugersdorp 25.07.1998 Susan Nicola KEVE,
i1 Robert Alfred VAN BARKENHUIZEN, *Sandton 20.06.2000
i2 Nicholas James VAN BARKENHUIZEN, *08.04.2002
i3 Oliver Marc VAN BARKENHUIZEN, *18.08.2005

h3 Petronella Johanna (Ronel) VAN BARKENHUIZEN, *Johannesburg 15.05.1973 x Albert GEYSER

g2 Joshia VAN BARKENHUIZEN, *12.07.1940, X 04.02.1960 Sylvia Norma JANSEN (d.v. Alfred Nels JANSEN & Sarah Margaret NORDEN), *Johannesburg 08.05.1944

h1 Sylvia VAN BARKENHUIZEN, *30.08.1961 x LABUSCHAGNE
[i1] Elise LABUSCHAGNE
[i2] Hans LABUSCHAGNE
[i3] Johanna LABUSCHAGNE
[i4] Elizabeth LABUSCHAGNE

h2 Robert Josua VAN BARKENHUIZEN, *30.08.1961

h3 Jan VAN BARKENHUIZEN, *13.12.1962, =31.03.1963

h4 Andries Petrus VAN BARKENHUIZEN, *24.01.1964
i1 Jeandre VAN BARKENHUIZEN, *05.12.1993
i2 Loan VAN BARKENHUIZEN, *07.08.1995
i3 Andre VAN BARKENHUIZEN, *19.04.2002

h5 Christiaan VAN BARKENHUIZEN, *31.05.1968

h6 Heather VAN BARKENHUIZEN, *07.01.1973 x VAN DER WESTHUIZEN

g3 Jan Johannes VAN BARKENHUIZEN, *08.03.1945 X Gail JOHNSON

h1 Sean Earnest VAN BARKENHUIZEN, * Johannesburg 19.09.1970, X Phalaborwa, Elsje Magdalena STORM
i1 Chantel Marle VAN BARKENHUIZEN *Phalaborwa 06.03.1993
i2 Michelle Daphne VAN BARKENHUIZEN, *Phalaborwa 29.03.1995
i3 Luke John VAN BARKENHUIZEN, *Phalaborwa 02.05.2001

h2 Clinton VAN BARKENHUIZEN, *Phalaborwa 25.09.1972

g4 Christina Francina VAN BARKENHUIZEN, *03.06.1951, x Billy GOODYEAR. Twee kinders Billy en Natalie.

f3 Hester Catharina VAN BARKENHUIZEN, *abt 1915 X KRUGER

f4 Jan Johannes VAN BARKENHUIZEN, *Bloemfontein Aug.1920 +21.10.1944. Sterf in Italië tydens Tweede Wêreldoorlog. Lid van die Witwatersrand Rifles. Ongetroud.

f5 Mara VAN BARKENHUIZEN, X DANCE

f6 Ester VAN BARKENHUIZEN, X SMALL

e6 Catharina Georgina VAN BARKENHUIZEN, †Verdrink in die Vaalrivier, x Ventura DIAZ, Geen kinders.
Ventura Diaz het in 1902 'n kompensasie eis, vir skade gelei na die Anglo-Boereoorlog, ingestel. Hy verklaar dat hy 'n lojale genaturaliseerde Britse burger is en dat hy sedert 1882 in Warrenton bly, maar dat hy 'n winkel? (store) en 'n huis in Boshoff besit het en dat hierdie twee geboue beskadig is.

b4c2 Sara Johanna BARKHUIZEN, *29.05.1806, ≈Swellendam 7.02.1807, x Uitenhage 07.03.1824 Salomon Theodorus POTGIETER (sv Hermanus Lambertus POTGIETER en Sara Dorothea MARITZ), *1.10.1798, ≈Swellendam 23.10.1798, †Gouritzrivier 2.9.1864.

[d1] Simon Hendrik POTGIETER, x Uitenhage 24.5.1855 Sara Johanna Josina POTGIETER (dv Jacobus Lourens POTGIETER en Margaretha Jacomina BARKHUIZEN (b4c6), *Boschendal, †Uitenhage 21.11.1884. Hulle is neef en niggie.
Ek moet nog bepaal of van hulle kinders ook saam met hulle neefs Wes-Transvaal toe is.

b4c3 Johannes Gerhardus BARKHUIZEN, *23.04.1808, ≈Swellendam 01.08.1808, x Uitenhage 06.10.1829 Susanna Maria SCHEEPERS, (dv Jacobus Johannes SCHEEPERS en Johanna Jacomina VAN DER WESTHUIZEN ), *18.4.1813, ≈George 20.3.1814, †Boschfontein 24.05.1850, XX Uitenhage 02.09.1850 Johanna Catharina POTGIETER (dv Hermanus Lambertus Gerhardus POTGIETER en Susanna Magdalena VAN ROOYEN) (Weduwee van Theunis Botha en weduwee van Adriaan Louw), *Zandflats, Zuurberg, 20.10.1817, ≈Uitenhage 25.12.1817, †21 11.1886.
Alhoewel JG in Swellendam gemeente gedoop is, is daar ingeskryf dat sy ouers, Simon Hendrik, "*wonende in Uitenhage*".

In die eiendomsregister van 1850[12] word net gemeld dat Johannes Gerhardus "*a piece of land*" in die dorpsgebied Uitenhage besit het. Hy het dus nie op daardie stadium 'n plaas besit nie maar moontlik 'n tipe plot. Op die doopregisters van al sy kinders word sy woonplek as "Boesmansrivier" en soms ook "Zuurberg" aangegee. Sy eerste vrou Susanna Scheepers is volgens haar sterfkennis in 1850 op "Boschfontein" oorlede. Die "*piece of land*" kan dus ook net 'n deel van die familieplaas wees, wat volgens die opgawe toe aan sy jongste broer Simon behoort het.

Johannes Gerhardus het in sy twee huwelikke met Susanna Scheepers en Johanna Potgieter saam vyftien kinders gehad waarvan elf volwassenheid bereik het. Sy tweede vrou Johanna Potgieter was ook twee keer weduwee, haar eerste man, Theunis Botha, het in die Zwartkopsrivier verdrink saam met ses nader mense, en haar tweede man, Jacobus Adriaan Louw, is oorlede kort voor die geboorte van hul tweede kind. Jacoba Adriana het by haar eerste twee mans drie kinders gehad. Sy en JG het dus 18 kinders grootgemaak, waarvan die oudste 19 jaar was met hul troue.

Elf van sy seuns en dogters en hulle gesinne het in die laat 1880's na Transvaal/OVS verhuis. Dit lyk asof hierdie broers en half-broers in 'n groot beplande familietrek vanaf die Uitenhage/Zuurberg omgewing (en sommiges ook uit die Oos-Londen omgewing) na die binneland (Wes-Transvaal) getrek het.

---

[12] Bewaarders van ons erfenis. p

**Oorsig van die 15 kinders van JG BARKHUIZEN,*1808 en SM Scheepers en JC Potgieter**
**Eerste huwelik met SM Scheepers**

| | | | |
|---|---|---|---|
| c3d1 | Simon Hendrik | Ou Omie – Hartbeespan? | bl. 150 |
| c3d2 | Johanna Jacomina | Geen inligting. Jonk oorlede? | bl. |
| c3d3 | Jacobus Johannes | "Ou" Koot- Hartebeespan | bl. |
| c3d4 | Sara Johanna | Trou met Van Vuuren. Bly in Uitenhage | bl. |
| c3d5 | Susanna Maria | Trou met Van Staden. Hy sterf OVS 1916 | bl. |
| c3d6 | Johannes Gerhardus | Na Rhodesië (word Barkhuisen) | bl. |
| c3d7 | Johan Nicolaas Wilhelm | Na OVS | bl. |
| c3d8 | Pieter Johannes Jacobus | Iququ, Potgietersrus, Eleven o' Clock | bl. |
| c3d9 | Jacomina Margaretha | ? Onbekend. Dalk jonk oorlede. | bl. |
| c3d10 | Gideon Stephanus | Oos-London, Hartebeespan, | bl. |

**Tweede huwelik met JC Potgieter**

| | | | |
|---|---|---|---|
| c3d11 | Hermanus Gerhardus | Oos-London. Diewedraai en Vryheid, | bl. |
| c3d12 | Lucas Jacobus | Jonk oorlede? | bl. |
| c3d13 | Maria M E (Marion) | Trou met Oelofse. Ook na Transvaal | bl. |
| c3d14 | Cornelis Johannes | Kerneels. | bl. |
| c3d15 | Gerhardus Stephanus | Rhodesië en toe Weenen | bl. |

**Kinders uit die Eerste huwelik van JG Barkhuizen (c3) en Susanna Maria Scheepers (d1 – d10)**

d1 Simon Hendrik (Ou Omie) BARKHUIZEN *Zuurberg, Uitenhage 10.02.1831 ≈Uitenhage 17.07.1831, †Bloemhof 29.05.1914 Ω *Hartbeespan*, Amalia x Uitenhage 28.04.1862 Adriana Jacoba LOUW (dv Jacobus Adriaan LOUW en Johanna Catharina POTGIETER), *Alexandrië ±.11.1844, †Uitenhage 09.11.1875.

Adriana is Simon se stiefsuster. Sy pa, Johannes Gerhardus is weer getroud met Johanna Catharina Potgieter wat twee dogters uit 'n vorige huwelik met JA Louw gehad het. Adriana is 'n suster van Johanna Catharina Louw wat met Simon se broer JJ (ou Koot) Barkhuizen (d3) getroud is.
Adriana sterf so ses jaar voor die verhuising na die binneland op die plaas Melkhoutboom in die Zuurberg distrik van Uitenhage. Die plaas is geleë in 'n kloof in die middel van die Zuurbergpas.

Simon (Ou Omie) verskyn op die belastingopgawe van Bloemhof in 1890. Hy het dus ook maar saam met sy broers sedert 1884 op Hartbeespan gaan vestig. Ouma Alie Barkhuizen het aan my vertel dat ou Omie stoksielalleen uit die kolonie daar aangekom het. Sy vertel: "*Hy was 'n mooi man wat so regop op sy perd gesit het.*" As ouma se storie waar is, het die kinders saam met 'n ander groep gereis en ou Omie het dalk vooruit gery of later aangesluit.
Hy bly ook op hatbeespan maar ek kry nie inligting dat hy 'n deel van Hartbeespan gekoop het soos sy broer ou Koot nie. Hy het dus seker as deelboer saam met sy broer op Hartbeespan gebly. Ou Omie is in die familiekerkhof op Hartbeespan begrawe.

e1 Johanna Catharina (Tant Hannie Simon) BARKHUIZEN, *26.09.1863, ≈Uitenhage 25.12.1863. Nooit getroud. Sy was twaalf jaar oud met die dood van haar ma en moes seker noodgedwonge die rol van huisvrou vervul.

e2 Jan Gerhardus (Rooi Jan) BARKHUIZEN, *16.04.1866, ≈Uitenhage 14.10.1866, †25.08.1900, x Christiana c1890 Debora Alida VAN DER MERWE.
Rooi Jan Barkhuizen kry ZAR burgerskap in 1896 op grond van sy deelname aan die slag van Mamusa teen David Massouw.
Jan en Debora het voor die oorlog op die plaas Matjiesfontein van Louis E. L Mussmann gebly as deelboer. Matjiesfontein grens aan Hartbeespan waar baie van sy ander Barkhuizens ooms en neefs gebly het. Hulle het ongeveer 500 skape en bokke , 40 beeste, 'n paar perde , 'n wa en perdekar besit.

Rooi Jan sterf in die Anglo-Boereoorlog. Hy is geskiet by Duidfontein, naby Potgietersplaas, Lichtenburg. Op die inskrywing van die Rooi Kruis[13] word gemeld dat Jan se dood as gevolg van verraad is.

In die kompensasie eis na die oorlog van weduwee Debora Alida is daar 'n verslag oor sy dood. Volgens die verslag het Jan Barkhuizen en ene De la Rey (moontlik 'n seun van genl Koos de la Rey of dalk van Klein Adriaan de la Rey van Schweizer-Reneke) tydens die Boere se besetting van die distrik twee Engelssprekende burgers gevang wat op pad was vanaf Venterdorp na Mafeking. Die twee Engelse het dit naby Lichtenburg reggekry om beide Jan Barkhuizen en De la Rey dood te skiet en te ontsnap. Die boerekommando het die twee Britte egter weer gevang, verhoor as verraaiers en tereggestel. [14]

Tydens die oorlog op 6 Augustus 1901 het Kolonel Williams se troepe Jan en Debora se meubels vernietig en die huis afgebrand. Debora en die vier kinders is na Mafeking konsentrasiekamp geneem. Twee kinders is in die kamp dood maar Hessie en Adriana het oorleef. Volgens die kamprekords het Debora op 5 November 1901 na Bulawayo vertrek. In 1904 bly sy egter weer in Klerksdorp (in die weeshuis) met haar twee kinders wat die konsentrasiekamp oorleef het. Volgens die kompensasie aansoek was haar omstandighede swak en word aanbeveel dat £329 van haar eis aan haar uitbetaal word. [15]

f1 Hester Beatrix BARKHUIZEN, *14.05.1892, †Klerksdorp 27.09.1976, X Klerksdorp 17.12.1912 Peter John MULLER, *Middelburg, Kaap 1883, †Klerksdorp 31.07.1955.
[g1] Louis Terblance MULLER
[g2] Lalie Smit MULLER
[g3] Jan Gerhardus MULLER
[g4] Peter John MULLER
[g5] Hugo MULLER

f2 Simon Hendrik BARKHUIZEN, *29.07.1894, =Schweizer-Reneke 7.10.1894, +Mafeking konsentrasiekamp 1902.

f3 Adriana Jacoba Louw BARKHUIZEN, *Schweizer Reneke 30.11.1896, ≈Schweizer-Reneke 17.01.1897, X Willem Jacobus CROESER, *Senekal, OVS 05.1890, †Schweizer-Reneke 24.09.1963. Boer op Doornpan, Schweizer-Reneke. Hulle bly ook 'n tyd op Hartbeespan. Simon Barkhuizen het hulle geken en my die bouval van die huis waar hulle gebly het op Hartbeespan gaan wys. Simon spreek haar naam "Adderjana" uit.
[g1] Hendrik Jacobus CROESER
[g2] Riana Wilhelmina CROESER x Barend Jacobus LATEGAN.

f4 Debora Alida BARKHUIZEN, *Bloemhof 10.09.1899, ≈Schweizer-Reneke 11.10.1899, †Mafeking konsentrasiekamp 1902

e3 Adriaan Jacobus Louw (Adriaan) BARKHUIZEN, *Uitenhage 16.06.1868, ≈Uitenhage 23.9.1868 x Petronella Martina VAN ROOYEN, (dv Jacobus Nicolaas VAN ROOYEN en Rachel Elizabeth CROUSE), *ong 10.1878, †Doornhoek, Vredefort 22.09.1916. Boer op Doornhoek, Vredefort.

Adriaan het grootgeword in die Zuurberg omgewing.

'n Jaar voor die Anglo-Boereoorlog begin het, het Adriaan na die OVS verhuis. Hy het heel waarskynlik tot op daardie stadium op Hartbeespan of saam met sy broer Rooi Jan op Matjiesfontein gewoon. Met die uitbreek van die oorlog is hy dus eintlik 'n Transvaalse burger. Hy bly as bywoner op die plaas Doornberg van ene Muller in die wyk Landrivier, distrik Winburg.

---

[13] TAB: MHG 086, nr. 53
[14] TAB: CJC 431 nr. 435. Report on investigation.
[15] TAB: CJC 431 nr. 435 Claim for war losses – Debora Alida Barkhuizen

Hy verklaar dat hy nooit op kommando was nie en op 20 Mei 1900 (kort voor Bloemfontein ingeneem is) het hy 'n geweer by die Britse magte in Winburg ingegee. Hy verklaar dat die geweer nie syne is nie en dat 'n ander burger dit daar op sy plaas gelos het. Hy het 'n pas gekry om terug te keer plaas toe. Dit beteken dat hy die eed van Neutraliteit afgelê het.

Hy is weer op 6 Julie 1900 deur die Britse troepe vanaf die plaas na Groenpuntkamp verskuif. Dit was gebruik dat diegene wat wapen neergelê het dikwels nie oorsee na die krygsgevangekampe gestuur is nie. Op 11 Junie 1901 is hy teruggestuur na Winburg konsentrasiekamp. Hy het in die konsentrasiekamp gebly tot 7 Desember 1901 waarna hy by die sg. "farmers guard" aangesluit het. Hy het in hierdie korps gebly tot vredesluiting. [16]

Intussen het Adriaan se vrou, Petronella Martina van Rooyen, in die veld geskuil tot vredesluiting. Sy en die twee klein kindertjies is nooit gevang nie. 'n Mens kan jou indink watter trauma die gesin se situasie vir almal moes gewees het. Intussen het hulle seker ook al gehoor van Adriaan se broer Rooi Jan 'n veldkornet in de la rey se kommando wat geskiet is.

Adriaan stel twee eise in vir kompensasie na die oorlog. 'n Eis van £20 vir twee perde wat veldkornet PJ Scheepers vir die boerekommando gevat het. Die perde is geneem nadat hy al weg was van die plaas en die kwitansie is vir Petronella gegee. 'n Tweede eis van £387.15 is vir goedere wat die Britse troepe in Maart 1901 gevat het. 1 wa met tuig, 12 osse, 2 jong osse, 2 koeie met kalwers, 1 verskoei, 16 skape, 3 perde, 1 verebed, 1 matras, 2 tafels, 2 kiste, 2 stoele, 10 sakke mielies, 2 hoenders. Die totale eis was vir £407 waarvan £248 uitbetaal is. Die vergoedingskommissie het nogal 'n groot bedrag uitbetaal en verklaar: "dat [Adriaan Jacobus] nooit op kommando was nie en hy "*Is in poor circumstances and married. Assistance is reccomended*."

Adriaan gee 'n opgawe van sy besittings voor en na die oorlog. 16 skape, 5 perde, 7 beeste, 12 osse, 1 wa met tuig, 20 hoenders, meubels en 20 sakke graan.

In die kompensasie eis som hy sy situasie so op: "Vandag het ek 2 kalwers, 1 ryperd, 10 lammers, Ek besit geen grond nie en is 'n bywoner by mnr. Muller. Ek besit omtrent £10.0.0. Ek het 'n vrou en drie kinders. [Rachel, Simon en Adriana] Ek is nie betaal vir die goedere wat geneem is nie.

Teen 1911 is hulle dogter Nellie in Winburg gedoop. Die gesin het waarskynlik kort daarna na die plaas Doornhoek in die Vredefort omgewing verhuis. Petronella is daar op 22 september 1916 oorlede. Die jongste kind David was maar 2 jaar oud. Adriaan en die kinders moes kort hierna na Windhoek verhuis het. Familie vertel nog die verhale van die ontbering om al die pad met 'n perdekar na Windhoek te ry.
Wat het hy in Windhoek gedoen? Geboer?
Afdriaan is in Windhoek dood en daar begrawe.

f1 Rachel Elizabeth Louw (Rachel) BARKHUIZEN, *Schweizer-Reneke 15.03.1896, x DELPORT.
f2 Simon Hendrik BARKHUIZEN, *07.07.1898, †Welkom, x BAMBERGER (7 kinders)
f3 Adriana Jacoba Louw BARKHUIZEN, *10.06.1904, †Pretoria 1965, x 13.10.1925, Johannes Jansen CLAASSENS, *18.10.1894, ≈Bothaville 02.12.1894, †Parys 26.09.1970
  [g1] Petronella Marthina CLAASSENS, *10.10.1926
  [g2] Herman Johannes Hendrik CLAASSENS, *13.10.1927, As kind oorlede
  [g3] Adriaan Jacobus Louw (Alta) CLAASSENS, *11.04.1929

[16] TAB: CJC 1694 nr. 934. Claim for war losses. Verklaring deur AJ Barkhuizen.

[g4] Johannes Janse CLAASSENS, *01.08.1932
[g5] Maria Susanna CLAASSENS, *12.08.1934
[g6] Gerhardus Petrus CLAASSENS, *18.04.1940

f4 Jacobus Nicolaas BARKHUIZEN, *06.08.1906, x Hendrika Susanna CROUS,


Vrydag 14 Oktober 1983

Goue Bruilof gevier

g1 Adriaan Jacobus Louw (Louw) BARKHUIZEN, *Viljoenskroon 10.07.1934, ≈Viljoenskroon 15.9.1934, x Viljoenskroon 05.10.1957 Petronella Maria (Miemie) OOSTHUIZEN (dv Johan Adam de Beer OOSTHUIZEN), *Viljoenskroon 14.5.1937.
h1 Hendrika Susanna Nicola BARKHUIZEN *Viljoenskroon 10.11.1958, †Makwassie 1981 x Johannes MOSTERT,
h2 Jacobus Nicolaas BARKHUIZEN *Viljoenskroon 21.1.1960, †Orkney 1983 x Elma SWANEPOEL,
h3 Lavonne BARKHUIZEN *Viljoenskroon 10.3.1961, †Makwassie 1986 x Andries GRUNDLINGH
h4 Adriaan Jacobus Louw BARKHUIZEN *Viljoenskroon 27.10.1962
h5 Johannes de Beer BARKHUIZEN *Viljoenskroon 24.12.1969 †Pretoria 07.3.2001
g2 Martha Susanna Isabella (Martha) BARKHUIZEN *25.10.1936 x Viljoenskroon 23.3.1963 Hendrik Stephanus VAN DER LINDE * Viljoenskroon 4.7.1939
g3 Petrus Herman Crous (Crous) BARKHUIZEN *15.5.1939, x Anna Francina HENNING *1.11.1943
Stefan
Anton
Naomi
Jacobus Nicolaas
g4 Petra Martina (Petra) BARKHUIZEN *Wesselsbron 30.10.1942 x Viljoenskroon 23.11.1963 Clyde SUTHERLAND *13.10.1940
[h1] Fiona Renee SUTHERLAND *26.5.1964
[h2] Carmen Sonia SUTHERLAND *14.12.1969
[h3] Clyde Murray SUTHERLAND *18.10.1971
g5 Hendrika Bertina (Riekie) BARKHUIZEN, *Wesselsbron 15.8.1945 x Viljoenskroon 30.8.1963 MULLER *15.2.1942 xx Jan Gabriel SMIT *27.12.1937 †16.10.1999

f5 Adriaan Jacobus Louw (Jim) BARKHUIZEN, *30.07.1908, †Lichtenburg,

f6 Petronella Martina (Nellie) BARKHUIZEN, *Winburg, OVS 09.06.1911, †Brakpan 04.05.1975, X SWANEPOEL, XX Benoni 19?? Sarel Jacobus APPELGRYN.
[g1] Petronella Martina APPELGRYN X LOURENS

[g2] Susara Jacoba APPELGRYN X VAN DER MERWE
[g3] Rachel APPELGRYN X BARKHUIZEN (wie is haar man? Volg op?)
[g4] Catharina APPELGRYN, X KRUGER, XX VOS
f7 David Johannes BARKHUIZEN, *10.06.1914, †Hentiesbaai, Namibië, (een kind aangeneem)
g1 ?

e4 Susanna Maria BARKHUIZEN, *Zuurberg, Uitenhage 01.09.1870, ≈Uitenhage 22.01.1871, †Diewedraai 24.03.1897 X Petrus Wilhelmus OOSTHUIZEN
e5 Susara Johanna BARKHUIZEN, *10.04.1873, ≈Uitenhage 06.07.1876, x Hendrik Johannes POTGIETER (sv Jacobus Lourens POTGIETER en Rachel Elizabeth CROUSE), *Uitenhage _.01.1859, †Farousfontein, Vereeniging 29.03.1928. Hulle het ses kinders.
[f1] Jacobus Lourens POTGIETER
[f2] Rachel Elizabeth POTGIETER
[f3] Susara Johanna Catharina POTGIETER
[f4] Rachel Elizabeth POTGIETER
[f5] Hendrika Susanna POTGIETER
[f6] Maria Susanna POTGIETER
e6 Maria Susanna BARKHUIZEN, *November 1874, †Witbank 27.02.1948 X Christiana Pieter Gert CLOETE
[f1] Rudolph CLOETE
[f2] Simon Hendrik CLOETE
[f3] Jacoba Adriana CLOETE
[f4] Elizabeth CLOETE
[f5] Johan CLOETE
[f6] Jacob CLOETE
[f7] Robert CLOETE
[f8] Jacobus Adriaan CLOETE
[f9] Hester CLOETE

c3d2 Johanna Jacomina BARKHUIZEN, *Uitenhage 18.10.1832. = Uitenhage 31.3.1833. Geen inligting oor haar verder nie.

**“Ou” Koot,*1834 van Hartebeespan**



Jacobus Johannes (“ou” Koot) BARKHUIZEN (b4c3d3) en Johanna Catharina LOUW
(Die oorspronklike is in my besit)

**Vier van Ou Koot se 5 kinders**



JJ en JC Louw se kinders, circa 1940.V.l.n.r. JG -Groot Jan (c3d3e1), JA -Kootjie (c3d3e2) , SH-Simon (c3d3e3) en Hannie van der Merwe (c3d3e6). JNW- Willem (c3d3e5) is reeds in 1928 oorlede. Dit is tans die enigste foto van "Groot Jan" (heel links) wat ek kon opspoor.

c3d3 Jacobus Johannes ("Ou" Koot) BARKHUIZEN *Uitenhage 20.04.1834, ≈Uitenhage 11.12.1834 †*Hartebeespan*, Amalia 11.05.1917 Ω *Hartebeespan* x Uitenhage 7.2.1859 Johanna Catharina LOUW (dv Jacobus Adriaan LOUW en Johanna Catharina POTGIETER) *Cradock .05.1840 †*Kokskraal*, Bedford /Somerset-Oos 26.06.1882

Die plaas Kokskraal waar Ou Koot se vrou Johanna (Hannie) dood is, het behoort aan Anthony Botha. Kokskraal was 'n bekende oornagplek op die trekroete van daardie tyd en is so 50km aan die Kaapse kant vanaf Cradock. Johanna sterf met ander woorde op pad met die groot Barkhuizen-trek na Transvaal. Ek het die plaas Kokskraal besoek en in die familiebegraafplaas is daar heelwat ongemerkte grafte asook baie Botha grafte uit die tydperk 1880's, trouens Anthony Botha se graf is ook daar.

Hannie sterf op 42 jarige ouderdom as gevolg van komplikasies met die geboorte van 'n "laatlam". Groot Jan, die oudste seun was reeds 23 en Hannie (later getroud met Barend van der Merwe) was 9 jaar oud.



Begraafplaas op Kokskraal.

Die dood van Hannie gee egter 'n onverwagse blik op hulle lewe op daardie stadium. Die inventaris van hulle gesamentlike boedel is opgestel deur BJ de Klerk en JP Botha en dit word geraam op 632 pond, 6 shillings en 'n sixpence sterling. Geen kontant word genoem nie en die grootste bate is 80 osse en 2 volledige ossewaens. Die res van die lewende hawe is 4 koeie en kalwers, 3 heifers en 2 perde.
Huisraad is: 2 tafels, drie stoele, een bed met verskeie kleiner huishoudelike items. Ten slotte is daar een wakis en een geweer. [17]

Die gesin het seker so vroeg in 1883 op Hartbeespan aangekom.

Koot was betrokke by die sake van die dag en het rreds in 1885 aan die slag van Mamusa teen Massouw deelgeneem. Ek kry sy naam dikwels op dokumente in die Bloemhof argief. Een van verkiesings van verteenwoordgers vir die Tweede volksraad is byvoorbeeld in sy huis op Hartbeespan gehou.

Koot het sy leenplaas "Hartebeespan" nr. 251 in 1897 gekoop vir ₤350.

Koot was te oud om aan die Anglo-Boereoorlog deel te neem maar ek weet nie of hy in 'n kamp aangehou was nie.

Koot is oorlede op 83 in die huis van sy dogter Hannie van der Merwe en hy is begrawe op Hartbeespan. Na sy dood word Hartbeespan in vyf gelyke dele verdeel van omtrent 590 morg vir elke kind . Groot Jan (e1), Kootjie (e2), Simon (e3), Willem (e4) en Hannie (e5).

Ou Koot se kinders (e1-e5) word nou bespreek.

e1 Johan Gerhardus **(Groot Jan)** BARKHUIZEN *Port Elizabeth 28.04.1859 † *Skietkraal*, Amalia 21.9.1944 Ω *Skietkraal*, Amalia x Kimberley 26.11.1888 Susanna Wesselina WESSELS (dv Barend Petrus WESSELS *Beaufort c1830 †Betsjoenaland 4.10.1884 en Susanna Wesselina WESSELS *19.4.1835 ≈Caledon 5.5.1825) (Wed. van Christoffel J. OBERHOLZER) *Boshoff, †Potchefstroom 19.7.1900, xx Ventersdorp met Clara Frederika CRONJE, †Witrand 12.11.1937

Groot Jan het die helfte van Skietkraal in 1897 vir ₤200 gekoop. Hy het in die ou kliphuis op Skietkraal, langs die Matjiesspruit (reg langs Hartebeespan) gebly. Das Barkhuizen vertel hoe hy en sy pa Johny vir oupa Groot Jan daar in die kliphuis gaan kuier het en dan het Groot Jan vir hulle vetkoek gebak. Later het Groot Jan in die buitekamer by sy seun Johny gaan bly. Hy is ook daar in die buitekamer oorlede. Hy het ook transport gery, van die aandgesang gehou en hy was baie sterk. Ouma Alie het die storie vertel dat met die weeg van die transportwa in Johannesburg was daar 'n nuwe reëling dat vier in plaas van twee osse gebruik moet word om die wa op die skaal te trek. Oupa Groot Jan vervies hom en trek die wa toe net met sy stomp vinger op die skaal. Hy het vertel dat hy sy vinger self so stomp afgesny het. Daar is ook baie stories oor hoe hy die kleinkinders wat na hom en sy vrou vernoem is, altyd voorgetrek het. Dit maak nie saak wie verjaar nie, hulle naamgenote het altyd ook'n geldjie gekry.

Susanna Wesselina Wessels het by haar eerste man, Oberholzer, 'n seun gehad. Hy skryf 'n verklaring as getuie in die kompensasie eis van Groot Jan na die oorlog.

Groot Jan en Susanna se twee seuns, Koot en Johny, is getroud met twee susters, Alida en Sophia Wolfaardt. Hulle is die dogters van Barend Petrus Wolfaardt en Alida Regina Lampbrecht van Christiana.

[17] KAB: MOOC 7/1/432 Inventaris JC Barkhuizen geb. Louw

Hier is 'n foto van Barend Petrus Wolfaardt en Alida Regina Lampbrecht (links), en 'n pragtige foto van hulle dogters (regs). V.l.n.r. Anna Elizabeth (Annie), Alida Regina (Alie), Sophia Christina (Sophie), Maria Margaretha (Miemie), Hester Helena, Huibrecht Margaretha (Breggie)







*Agter v.l.n.r. Chris Kolver (getroud met Breggie Wolfaardt - onder tweede van links), Piet Louw (getroud met Hester Wolfaardt –onder derde van links), Johan Gerhardus (Johny) Barkhuizen (getroud met Alida Wolfaardt – onder vierde va links), JJ (Koot) Barkhuizen (getroud met Sophie Wolfaardt – onder vyfde van links), Petrus Nienaber (getroud met Miemie Wolfaardt – onder heel regs)*

*Onder v.l.n.r. Anna Elizabeth (Annie) Wolfaardt (later getroud met ??), Huibrecht Margaretha (Breggie) Wolfaardt (getroud met Chris Kolver), Hester Helena Wolfaardt (getroud met Piet Louw, Alida Regina (Alie) Wolfaardt (getroud met Johny Barkhuizen, Sophia Christina (Sophie) Wolfaardt (Getroud met Koot Barkhuizen, Maria Margaretha (Miemie) Wolfaardt (getroud met Petrus Nienaber.*



*Johny en Koot Barkhuizen en die twee Wolfaardt susters het vir hulle elkeen, naby mekaar, 'n huis gebou op Skietkraal. Die huise het uitgekyk op 'n pan in die Matjiesspruit (Bars) en net oorkant die Amalia- Pudimoe pad, waar Groot Jan se huis gestaan het. Vandag is nog net die fondasies van al hierdie huise en dele van die ou klipkrale te sien.*

f1 Jacobus Johannes (Koot) BARKHUIZEN, *03.11.1889, X Sophia Christina (Sophie) WOLFAARDT (d.v. Barend Petrus WOLFAARDT en Alida Regina LAMBRECHT), *Kuruman 11.4.1890, +Amalia 5.09.1971.


*Foto van Koot Barkhuizen en Sophie Wolfaardt*





g1 Johan Gerhardus (Johny) BARKHUIZEN, *Hartebeespan, Amalia 23.01.1915, ≈Schweizer-Reneke 25.4.1915, †Amalia, x Sophia Magdalena (Katie) LUBBE *26.06.1920 †Amalia 1993.
Hulle boer op plaas Wesselina in Amalia distrik.

***Foto van Johny Barkhuizen en Katie Lubbe***



h1 Jacobus Johannes (Kobus) BARKHUIZEN, * 15.09.1945, x Aletta Elizabeth (Alet) VERMEULEN *11.1.1946

i1 Johan Gerhardus BARKHUIZEN, *Oberholzer 16.09.1967, x 27.01.1996 Amanda LOUW (d.v. Wynand Louis LOUW en Marie Maria Magdalena MARX) (Amanda voorheen getroud met DUMAS, dogter Nadine)

j1 Alet-Mari BARKHUIZEN, *Witbank 16.01.1997

i2 Sonette BARKHUIZEN,*30.05.1969.

h2 Petrus Stephanus (Petrie) BARKHUIZEN, * 19.12.1947, x Cornelia Petronella COETZEE, *21.10.1953

i1 Johanna Petronella BARKHUIZEN,* 09.06.1978.

i2 Madelein BARKHUIZEN,* 13.10.1979.

h3 Johan Gerhardus (Johan) BARKHUIZEN,* 25.04.1952.

h4 Barend Petrus (Barend/Barries) BARKHUIZEN, *25.04.1959 X Arlien ??

i1

i2

g2 Barend Petrus (Klein Ben) BARKHUIZEN, *06.09.1921, =Schweizer-Reneke 30.10.1921. Besit 'n SPAR supermark op Oberholzer/ Welverdiend. Nooit getroud.

g3 Alida Regina (Lida) BARKHUIZEN, *01.12.1922, =Schweizer-Reneke 4.02.1923, x Willem Burger KOTZE, *21.9.1918

h1 Christine

f2 Johan Gerhardus (Boet Johny) BARKHUIZEN, *22.03.1893, +1972? x Alida Regina (Sus Alie) WOLFAARDT (d.v. Barend Petrus WOLFAARDT en Alida Regina LAMBRECHT) *10.04.1896 Hulle boer op die plaas Skietkraal, gelëe tussen Amalia en Pudimoe.



*Johan Gerhardus (boet Johny) (c3d3e1f2) en Alida Regina (Sus Alie) Wolfaardt*



JG (Johny en AG (Alie) Barkhuizen tydens hulle 50ste huweliksherdenking saam met hulle kinders. Agter v.l.n.r Das en Jeanette, Albert de Villiers en Ada, Ben en Rita, Johan en Adeline en Piet van Coller en Ina.

DIE NEEFS



Hierdie neefs se pa's is broers en hulle ma's is susters.
Agter v.l.n.r Die seuns van JG (Johny) f2 en Alie R Wolfaardt, - Ben, Das en Johan
Voor: v.l.n.r is die seuns van JJ (Koot) f3 en Sophie Wolfaardt - Klein Ben en Johny

g1 Johan Gerhardus (Johan) BARKHUIZEN, *Amalia 06.08.1919, ≈Schweizer-Reneke 19.10.1919, +Pretoria 24.06.2006, x Pretoria 19.12.1951 Adeline MULLER, *4.09.1929.
Johan het op die was baie jare in die onderwys geggee op Bronkhorstspruit en HoërskoolWonderboom en tree af as Senior dosent in Geskiedenis by die Pretoria onderwyskollege.

h1 Johan Gerhardus BARKHUIZEN,*6.2.1961
Johan is 'n geoloog.

h2 Hilgard Müller BARKHUIZEN,* 26.6.1962 X

i1

i2

g2 {Prof} Barend Petrus (Ben) BARKHUIZEN *Schweizer-Reneke 06.08.1921, ≈Schweizer-Reneke 4.09.1921, +1996, X Jacomina

Margaretha (Rita) DE JAGER (d.v. James Alexander DE JAGER en Jacomina Margaretha PIETERSE).
Ben was skoolhoof by Laerskool Kameeldrif en tree af as professor in Empiriese Opvoedkunde by UNISA.

h1 Johan Gerhardus BARKHUIZEN, *20.10.1948 + x Georgina Alice HORN.
  i1 Barend Petrus (Bennie) BARKHUIZEN,
  i2 Georgina Alice (Gina) BARKHUIZEN,
  i3 Johan Gerhardus (Johan) BARKHUIZEN,
  i4 Andries BARKHUIZEN,

h2 James Alexander (Lex) BARKHUIZEN, X (D) Jillian MENTZ XX
  i1 Barend Petrus (Rendu) BARKHUIZEN,
  i2 Joeline BARKHUIZEN,

g3 Jacobus Johannes (Das) BARKHUIZEN, *06.09.1925, X Springs 02.04.1955 Jeanette de Villiers DE JAGER, *Kuruman (d.v. James Alexander DE JAGER en Jacomina Margaretha PIETERSE).
Das tree af as skoolhoof van die Laerskool Christiaan Beyers in Springs. Jeanette was na haar loopbaan as lugwaardin, 'n huisvrou en tree af as bibliotekaresse van Springs biblioteek.

*Foto van Das, Jeanette, hulle kinders en kleinkinders. Agter v.l.n.r. Alex en Nicolene, Errie en Alida Möller, Oupa Das en ouma Nanie, Koos en Sandra, Frik en Retha Veldman, Johan en Annemarie*



h1 Johan Gerhardus (Johan) BARKHUIZEN *Springs 15.02.1956, =Amalia 1956 x 06.10.1979 Annemarie Julia SMIT *7.06.1957 (dv Stephanus Arnoldus SMIT en Olivia Julia JOUBERT)
Johan is die familiegeskiedenis navorser wat hierdie boekie opgestel het. Ek bedryf die webblad www.barkhuizen.co.za, en is tans onderwyser by Hoërskool Centurion.
  i1 Marí BARKHUIZEN, *Pretoria 08.03.1981, .
  i2 Johan Gerhardus BARKHUIZEN, *Centurion 5.07.91.

h2 Jacomina Margaretha (Retha) BARKHUIZEN,*1957 x Frederik Johannes VELDMAN, *Pretoria
  [i1] Frederik VELDMAN *

[i2] Jeanette VELDMAN *

h3 Alida Regina (Alida) BARKHUIZEN *9.12.1958 x {dr} Ernst Lodewikus MöLLER.

[i1] Ernst Lodewikus MÖLLER,

[i2] Jacobus Johannes (Kobus) MÖLLER,

h4 James Alexander (Alex) BARKHUIZEN, * 18.02.195 x Nicolene GOUWS

i1 Jacobus Johannes (Hano) BARKHUIZEN,

i2 Jolene BARKHUIZEN,

h5 Jacobus Johannes (Koos/Kola) BARKHUIZEN *Springs 28.08.1961 X Springs 1989 Sandra KLEYN *Strand 14.09.1962 (dv Den Fritz KLEYN en Dorothea (Dottie) DE KOKER)

i1 Jacobus Johannes (Jaco) BARKHUIZEN *12.02.1990 †.2.2007

i2 Jeanni BARKHUIZEN *19.08.1992

i3 Theani BARKHUIZEN *19.08.1992

g4 Alida Regina (Ada) BARKHUIZEN,* X Albert DE VILLIERS

[h1] Arnoldus Mauritius Meiring DE VILLIERS, *15.05.1956.

[h2] Johan Gerhardus DE VILLIERS x Marike.

[i1] Albert

[i2]

g5 Susanna Wesselina Wessels (Ina) BARKHUIZEN, * +(Oorlede) x Piet VAN COLLER

[h1] Hendrik VAN COLLER * X

[h2] Susanna Wesselina VAN COLLER * X

f3 Susanna Wesselina BARKHUIZEN, *14.04.1895, †Schweizer-Reneke 28.04.1895.

**Tweede huwelik: JG Barkhuizen en Clara Fredrika CRONJE**



Hierdie is moontlik 'n foto van Groot Jan Barkhuizen *1859 (50) en Clara Frederika Cronje met hulle twee baba dogters Maria Elizabeth *4.6.1907 (2) en JCWL *29.3.1909(10 maande).
As die foto so Des 1909 geneem is dan is die mense se ouderdomme soos in hakies gegee.
Die enigste persoon wat deur verskeie mense geidentifiseer kan word is Koot Barkhuizen *21.11.1889 (20) ('n seun van Groot Jan) agter, derde van links.

Ek het die foto in die versameling van Wynand van Zyl gekry.

f4 Maria Elizabeth (Marie/Raai) BARKHUIZEN *Amalia 04.06.1907 ≈Schweizer-Reneke 28.07.1907 x Cornelis Johannes VAN ZYL (sv Wynand VAN ZYL en Elizabeth BOTHA) *Bothaville 06.01.1896, Delareyville 15.10.1976

- [g1] Johan VAN ZYL
- [g2] Clara Frederica Cronje (Ronnie) VAN ZYL
- [g2] Wynand (Wynie) VAN ZYL *Schweizer-Reneke 14.11.1935, x Delareyville 6.07.1968 Anna Magrieta JANSE VAN VUUREN (dv David Johannes JANSE VAN VUUREN en Petronella Gertina ??) *Kroonstad 16.12.1940. Hulle boer op Migdol.
  - [h1] Petronella Gertina (Eronel) VAN ZYL *Klerksdorp 29.11.1968
  - [h2] Cornelis Johannes (Nelis) VAN ZYL *Klerksdorp 6.12.1972,

f5 Johanna Catharina Wilhelmina Louw BARKHUIZEN, (Hannie Louw) BARKHUIZEN, *Amalia 29.3.1909, ≈Schweizer-Reneke 24.4.1909. Hannie Louw was in Witrand in Potchefstroom.